# 19 April 2023 - Lesing 12 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Elke siel moet die weg na JaHshua die Messias vind – 3/4/57

**NO: 6797** Elke siel wat deur julle gelei is na JaHshua die Messias as haar Verlosser van sonde en dood, is julle dankbaar. Want slegs Hy kan vir haar die poort na die lewe oopmaak. Slegs Hy kan haar die ligryk binnelei, na ewige geluksaligheid. Solank sy Hom egter nog nie gevind het nie, dwaal sy ongelukkig rond wanneer sy in die ryk hierna aangekom het. Haar gedagtes raak in die war, haar omgewing is sonder lig en haar eie toestand is kwellend, omdat sy nou haar ontbrekende lewenskrag smartlik mis en die kwelling van haar kragteloosheid en van haar toestand ondervind.

Daarom is dit die grootste werksaamheid van liefde en erbarming wat julle nog op aarde by 'n mens sal kan volbring, **wanneer julle hom met JaHshua die Messias vertroud maak**. Wanneer julle hom voor die gees stel dat hy nie by Hom mag verbygaan, as hy homself nie in gevaar wil bring en 'n ongelukkige lot tegemoet wil gaan na die dood van sy liggaam nie.

Die mense met wie julle in aanraking kom, ken Hom wel almal, **maar hulle instelling teenoor Hom laat veel te wense oor**. Hulle ken Hom, maar benut nie hierdie kennis nie. Hulle het wel van Hom gehoor as Verlosser van die wêreld, maar Sy verlossingswerk vorm vir hulle geen duidelike begrip nie. Hulle weet van Sy dood aan die kruis, maar beskou dit slegs suiwer aards en is nouliks van die geestelike betekenis bewus.

**Hulle het ook geen innerlike band met Hom nie** en daarom gaan hulle nie die weg na die kruis nie. Hulle voel nie soos sondaars nie en smeek daarom ook nie om vergifnis van hulle sondes nie. **Hulle erken in JaHshua die Messias nie die ewige Godheid self nie en roep Hom daarom ook nie in volle geloof aan nie**.

En daardeur bly hulle belas met skuld. En hulle gaan die hiernamaals binne met hierdie skuld, sonder lig en krag. Want hulle het nog nie tot die lewe gekom, wat hulle slegs deur JaHshua die Messias gegee kan word nie. En dan was hul aardse bestaan ook nutteloos en het dit vir hulle geen resultaat opgelewer nie. Dit het hulle nie nader aan God gebring **wat in die mens JaHshua oor die aarde gegaan het nie**.

Hierdie siele is ongelukkig wanneer hulle in die ryk hierna aankom. En hulle sal ook nie geluksalig kan wees, alvorens hulle, nes hierbo, die weg na Hom gegaan het nie. Maar ook in die ryk hierna is hulle dikwels **moeilik onderrigbaar teenoor die Messias probleem.** En daarvoor is baie liefde en volharding nodig van hulle wat hulle wil help, of dit nou ligwesens is of ook mense op aarde wat graag aan die siele hulp wil bring. Maar wie hom in liefde ontferm oor een van sulke siele, sal ook slaag om haar soveel lig en krag te laat toekom, dat dit haar wil versterk en dat sy sonder weerstand sal luister wanneer kennis aan haar gegee word oor JaHshua die Messias, en dat sy haarself nou ook nie meer sal verset om Hom self aan te roep om liefde en erbarming nie.

Sy moet Hom vind in die ryk hierna. En JaHshua die Messias laat Homself ook vind. Hy sal elke siel tegemoetkom, egter eers as sy haar harde weerstand opgegee het, as sy haar hulpeloosheid insien en redding afsmeek. Wanneer sy van haar swakheid bewus raak en nou oplettend luister na wat deur hulpvaardige wesens of julle mense op aarde aan haar oorgedra word. Dan sal JaHshua die Messias self in haar gedagtes binnedring en dit vir die siel waarlik maklik maak om in Hom te glo.

**Maar die eerste stap moet deur die siel self geneem word**. En sodat sy hierdie stap kan neem, moet sy van die kant van die mense op aarde of die ligwesens in die geestelike ryk, **hulp aangebied word** deur **liefdevolle voorspraak** of deur **voortdurende onderrig**. Sy moet die weg na JaHshua die Messias vind, anders is daar vir haar geen geluksaligheid nie. Maar sy is diegene buitengewoon dankbaar, wie haar gehelp het om verlos te word.

En juis die groot nood, wat op so ’n siel in die hiernamaals wag, wat nog nie die weg na Hom gevind het nie, moet julle mense daartoe aanspoor om steeds weer van Sy roeping op aarde gebruik te maak, **sodat jul medemens nog op aarde die weg na Hom kan vind** en hulle nie sonder lig oorgaan na die geestelike ryk nie, sodat JaHshua die Messias hulle nou Self tegemoet kan kom en vir hulle die poorte van die paradys kan oopmaak. Dat hulle vooraf vry kan wees van hul groot sondelas wat slegs JaHshua die Messias Self van hulle kan afneem en Hy daarom **herken en erken moet word as God en Verlosser van die wêreld**. Amein.